Beswaar teen die optrede van die parlementêre arbeidskomitee in die Onderberg

Objection to the conduct of the parliamentary labour committee in the Underberg

21 September 2015

Beswaar teen die optrede van die parlementêre arbeidskomitee in die Onderberg

Mpumalanga Landbou maak in die sterkste moontlike terme beswaar teen die onlangse optrede en werkswyse wat die portefeulje komitee op arbeid gevolg het met besoeke aan plase in die Komatipoort en Malelane omgewing. Die besoeke het reeds op 15 September 2015 ‘n aanvang geneem ‘n dag voordat Mpumalanga Landbou op 16 September 2015 daarvan te hore gekom het.

Mnr Gideon Anderson, president van Mpumalanga Landbou, se kommentaar hierop is as volg: ‘’Daar het na afloop van so ‘n besoek, ongetoetste inligting in die media verskyn waarin ongeverifieerde aantygings teen een van Mpumalanga Landbou se lede gemaak is wat gevolglik sy besigheid in ‘n swak lig gestel het. Ek kan nie anders as om tot die gevolgtrekking te kom dat hierdie besoeke pertinent daarop gemik was om die kommersiële produsente in hierdie provinsie in ‘n uiters swak lig te stel nie‘’.

Tot op hede was daar ‘n oop verhouding tussen produsente en die Departement van Arbeid se inspektoraat in hierdie provinsie. Besoeke was nog altyd betyds met werkgewers gereël sodat bewyse van arbeidspraktyke beskikbaar gestel kon word. Laasgenoemde het geleentheid aan beide werkers en werkgewer gegee om deel te kon wees van ‘n deursigtige inspeksie proses.

Gideon Anderson dring daarop aan dat alle komitees of kommissies van ondersoeke wat plase wil besoek, dit voortaan doen deur eers met die strukture van Mpumalanga Landbou in kontak te kom om sodoende die ordelike verloop van besoeke te verseker. Hy versoek die departement van Arbeid om arbeidsinspeksies te doen op die plase wat as “nie-nakomend” in die media uitgewys is, en hopelik sal dit daartoe lei dat die portefeulje komitee op arbeid ‘n opvolg besoek kom doen om die werklike toedrag van sake na te gaan.

Uitgereik vir Mpumalanga Landbou deur Agri SA, Direktoraat: Korporatiewe Skakeling

Navrae
Gideon Anderson, President Mpumalanga Landbou, 082 388 3777
Robert Davel, Hoofbestuurder, 082 220 9024

Objection to the conduct of the parliamentary labour committee in the Underberg

Mpumalanga Agriculture in the strongest possible terms make objection to the recent actions and approach the parliamentary labor committee followed by visits to farms in the Komatipoort and Malelane area. The visits already started on 15 September 2015 before Mpumalanga Agriculture came to hear of it on 16 September 2015.

Mr. Gideon Anderson, president of Mpumalanga Agriculture, comments as follow on this: "After one of these visits untested information appears in the media where unverified accusations were made against one of our members that put his company in a bad light. I have no choice other than to come to the conclusion that these visits were specifically aimed at the commercial producers of our province to put them in in a very bad light."

Until now an open relationship exist in Mpumalanga between producers and the inspectorate of Department of Labour. Visits to farms were organized in time to make sure that proof of labour practices is available. This way of work gave opportunity to employees as well as employers to be part of a transparent inspection process.

Gideon Anderson also insist that all committees or commissions of enquiry, who want to visit farms, will only get appointments for visits to farms of our members, through the structures of Mpumalanga Agriculture to make sure this visits take place orderly in future. He request the department of Labour to do inspections on the farms that were pointed out by media as "non complying" that will force the committee to do a revisit to those farms to capture the correct facts.

Issued for Mpumalanga Agriculture by Agri SA, Directorate: Corporate Liaison

Enquiries

Gideon Anderson, President Mpumalanga Agriculture, 082 388 3777
Robert Davel, Executive manager, 082 220 9024